

**SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 17 (OAV/NAV)**

**FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 17:21-24**

## **Elia – Die opstanding van Christus: simbool van die nuwe lewe wat God aan ons gegee het**

Elia word deur die Bybelskrywers as een van die grootste en invloedrykste profete van God gereken. Hy het die betekenis van sy naam “Jahwe is my God” uitgeleef in die manier waarop hy sy werk as profeet gedoen het. Elia het die volk en die konings onder wie hy gedien het, onverskrokke gewys op hulle sonde en oortredings en die oordeel van God met vrees aangekondig. Hy het baie wonderwerke gedoen waardeur die krag van God geopenbaar is en waarmee God sy dienswerk as profeet bekragtig het.

So bewerk God die wonderwerk van die weduwe van Sarfat, wie se seuntjie deur Elia uit die dood opwek word! Hiermee openbaar God Homself as die een wat lewe uit dood gebied. God kan uit die onmoontlikste situasie uitkoms gee. Deur haar seuntjie uit die dood op te wek, skenk die Here aan die weduwe van Sarfat ’n nuwe toekoms.

Vanuit die Nuwe Testament beskou, is hierdie gebeure in Sarfat ’n heenwysing na die doodsheid van die volk van God vanweë ons sonde. God bewerk egter in Christus Jesus se dood en opstanding nuwe lewe vir ons as sy volk. ’n Nuwe toekoms breek vir ons aan wanneer Jesus daardie Sondagmôre uit die graf opstaan en so die dood oorwin. Nou is vir ons sonde betaal en kan ons vir ewig lewe!

Kom ons verklaar dan vandag, met die herdenking van Christus se opstanding, saam met Elia, “Jahwe is ons God” en ons verheug ons in die nuwe toekoms wat Christus vir ons deur sy opstanding uit die dood bewerk.

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*